


## Dagboek



'n Dagboek is 'n baie persoonlike beskrywing van gebeure wat daardie dag of baie onlangs plaasgevind het.

### 'n Dagboekinskrywing :

- Word in die eerste persoon geskryf (gebruik **ek...my...ons... Pa, Ma, ens.**)
- Moet altyd van 'n datum voorsien wees.
- Fokus op die hoogte- en laagtepunte van die dag.
- Beskryf hoe jy die persoon voel (maak gebruik van emosies)
- Dit word aan die einde van die dag geskryf (jy moet dus in die verlede tyd skryf) by. *ek was woedend!*
- Skryf in meer as een paragraaf.

Saterdag 17 April

Wat 'n swart dag ! Dit voel só onwerklik. Hier sit ek met die bewys in my hande ... Hoe gaan ek die nuus vir Pa en Ma vertel?

Sarel stel hulle nooit teleur nie. Ek is altyd die een wat hulle grys maak!

Ek het dan 'n week voor die tyd begin leer. Selfs Jannie wat net-net slaag het meer punte vir hierdie maklike Wiskunde as ek gekry!

Ek sal maar wag tot na eie.my boude vet smeer en die nuus aan hulle móét vertel ...

## Aanwysings / instruksies

- Aanwysings en instruksies word gewoonlik in bevelvorm (dit wat gedoen moet word) gegee. Begin met die werkwoord.
- Gebruik eenvoudige en verstaanbare taal.
- Maak seker dat jy instruksies in die korrekte volgorde gee.
- Alles moet duidelik en logies verduidelik word.
- Gebruik chronologiese volgorde.
- Wees realities ('n reseep kry nie 50 eiers in nie !)
- Instruksies en aanwysings is altyd in die teenwoordige tyd.
- Instruksies kan ook genommer word sodat dit maklik is om te volg

- ✓ Begin altyd met 'n goeie inleidingsin en sluit af met 'n treffende slotsin.
- ✓ Skenk aandag aan goeie leestekengebruik.
- ✓ Kleur jou skryfstuk met goeie taalgebruik ( intensiewe vorme,

### Tien wenke vir studiesukses:

Indien jy 'n suksesvolle student wil wees, volg gerus die volgende wenke :

1. Dink altyd positief en gebruik positiewe woorde.
2. Gebruik 'n metode wat by JOU persoonlikheid pas.
3. Stel duidelike en realistiese doelwitte.
4. Stel 'n bereikbare studietoer op en hou daarby.
5. Bly kalm, wees oplettend en aktief betrokke in die klas.
6. Ontwikkel die vermoë om blitsvinnig die hoofpunte van 'n teks raak te lees.
7. Maak verstaanbare notas.
8. Ontwikkel jou geheue deur jouself deurlopend te toets.
9. Herhaal jou werk gereeld, want dan stoor jy dit in jou langtermyngeheue.
10. Sorg vir jou brein; drink genoeg water, eet gesond en oefen gereeld.

Sukses kom nie vanself nie. JY en net JY is verantwoordelik vir jouself !!